



NGB Artikel 37

Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God,

De Bres begin die bespreking van die artikel met die woorde "ten slotte". Dit is die laaste saak om te bespreek, juis omdat dit die einde van tyd is. Tog is dit eintlik die begin, die begin van die ewigheid saam met God. Dit is die slothoofstuk van hierdie bedeling, die slotgedeelte van die NGB. Dit is opvallend dat die Christelike benadering na die slot as die begin kan verwys. Dit is eie aan die geloof wat ons bely. Aan die einde van tyd, is die oorgang na die ewigheid. Paradoksaal is die ewigheid sonder begin of einde omdat dit nie aan tyd gemeet kan word nie. Oor hierdie paradoks kan ons as mense nie veel stel nie.

Dwarsdeur die NGB is daar telkens op die Skrif gesteun. Dit is net van pas om steeds na die Skrif te verwys. Hierdie verwysing "in ooreenstemming met die Woord van God" word wel met goeie rede bygevoeg: Teenoor die spekulاسie van die Chiliaste en ander, wil die Reformatore enige ongegronde, Skrif-vreemde gedagtes vermy. Met ander woorde, die opmerkings oor die wederkoms is gebaseer op die Skrif alleen.

dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het - dié tyd is vir alle skepsels onbekend -

Die taalpatroon is opmerklik. Daar word van die toekomstig afgehandelde verlede gepraat Hierdie aanduiding van tyd as voor ons en tog afgehandel, plaas ons fokus op die sekerheid van hierdie geleentheid. Daarmee saam word daar met sekerheid oor sekere sake na afloop van hierdie tyd verwys. Daar is geen sekerheid oor die dag en datum nie, maar daardie dag en datum is op pad en na daardie dag en datum gaan sekere prosesse voltrek word.

Dit is die Here self wat daardie dag en datum bepaal het, wat beteken dat die datum reeds vasgestel is en dat dit nie 'n lukraak geleentheid sal wees nie. Die Here het die datum bepaal en daarom kan ons met sekerheid praat oor daardie gebeurtenis. Die wederkoms is nie iets wat op die ingewing van die oomblik gaan plaasvind nie, die Here handel met sekerheid in tyd en geskiedenis..

Dit beteken vanselfsprekend dat geen mens weet wanneer dit gaan geskied nie. Die vele voorspellings wat deur die eeue gemaak is oor die apokalips word vandag nog aangevul deur mense wat voorspellings waag. Dit is nie 'n gehoorsame benadering nie. Jesus self het gesê dat net die Vader weet. Dit is arrogant om dan die 'tekens van die tye' te wil lees en datums vas te lê. Die vele spekulاسies oor die wederkoms hou nie rekening met die een duidelike uitspraak wat oor die tyd gemaak is nie. Luther het na bewering gestel dat as hy sou weet dat die Here môre kom, hy

vandag nog 'n appelboom sal plant. Ons lees in Tessalonisense 5:1-3: "*Oor die tyd en omstandigheid wanneer hierdie dinge sal gebeur, is dit nie nodig om aan julle te skrywe nie, broers. Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag. Wanneer die mense sê: "Alles is rustig en veilig," sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou, en niemand sal ontkom nie.*" Die wete dat die wederkoms enige dag kan plaasvind, moet ons altyd in gedagte hou, en tog elke dag lewe steeds besig met ons taak tot aan die einde van ons eie lewens.

en die getal uitverkorenes volledig sal wees,

Elke persoon se gedagtes is sy eie. Selfs dit wat hardop uitgespreek word, kan illusie en rookskerms wees. Dit is beslis ook waar oor ons geloof. Daar is genoeg voorbeelde van mense wat voorgee dat hulle gelowig is, maar eintlik kinders van satan is. Dit beteken dat daar geen manier is wat ons die huidige groep gelowiges in ons gemeentes kan tel nie, wat nog te sê die land, die wêreld, alle tye. Ons kan nie bepaal hoeveel uitverkorenes daar is nie, ons kan nie bepaal hoeveel uitverkorenes daar moet wees nie. Al wat ons weet is dat die Here dit ook bepaal het. Die wederkoms gaan plaasvind eers na die getal uitverkorenes volledig is. Dit is net verdere aanduiding van dwaasheid om te probeer voorspel wanneer die wederkoms gaan plaasvind.

ons Here Jesus Christus met groot heerlijkheid en majesteit uit die hemel sal kom,

Jesus Christus is die een wat die fokuspunt van die heilsgeskiedenis was en steeds is. Sy koms was 'n hoogtepunt wat eeue geneem het om voor te berei. Sy wederkoms sal die laaste punt in die geskiedenis wees. Sy vernedering is afgehandel, Hy het aan die kruis gesterf, nou is dit net eer en heerlijkheid wat wag. Dit maak nie saak hoe ongelowiges hier op aarde na Hom verwys of Sy naam laster nie, Sy wederkoms sal met heerlijkheid en majesteit geskied en Sy eie heerlijkheid en majesteit sal aan alle mense openbaar word.

liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het

(Hand. 1:11), Dié sê toe vir hulle:

"Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."

Ons bely in ons geloofsbelydenis dat ons glo in die wederopstanding van die vlees. Ons glo dit omdat Jesus dit belowe het en self ook liggaamlik sal terugkeer. Ons weet nie hoe dit gaan gebeur nie en dit baat ons niks om te spekuleer oor hoe dit gaan gebeur of lyk nie, ons kan dit maar net bely en in afwagting lewe.

om Homself as Regter oor die lewendes en dooies aan te kondig,

Jesus se wederkoms is geen neutrale gebeurtenis nie. Sy wederkoms gaan nie wees om mense te vermaak nie. Hy kom om 'n feitelike saak aan te kondig, 'n saak waarvan gelowiges reeds kennis neem; Jesus is Regter. Hierdie aankondiging gaan aan almal gedoen word, lewend en reeds afgesterwe, gelowig of ongelowig.

terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer.

Jesus se wederkoms sal ook gepaard gaan met 'n suiwering van hierdie wêreld. Ons lees in Romeine 8 'n eggo van Genesis 3 en dit is dat hierdie wêreld aan verydeling onderworpe is. By die wederkoms gaan alles weer

herstel word tot die glorie van bestaan voor die sondeval. Vuur en vlam gaan nie hierdie wêreld vernietig nie, dit gaan dit suiwer en nuut maak. Dit val vreemd op die oor om dit te hoor omdat ons vuur en vlam met vernietiging en straf vereenselwig, veral in die konteks van die wederkoms. Tog gaan hierdie gebeurtenis die skepping nuut maak deur dit te suiwer. Ons kan iets daarvan verstaan wanneer ons langtermyn na 'n veld kyk. Nadat die veld afgebrand het, lyk die veld soveel groener, en dit is omdat die vaal grasse weggebrand het. Volgende keer ondersoek ons artikel 37 verder in Die Skietlood 163.